

OLOFF DIE SEEROWER

9. Die Spioen



GERRIE RADLOF

DIE SPIOEN

deur

GERRIE RADLOF

en

proeflees en redigering deur
PIETER HAASBROEK

Gepubliseer deur:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews

Strand

2025

DIE SPIOEN

Die voorblad illustrasie vir die Oloff die Seerower Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

DIE SPIOEN

deur Gerrie Radlof

Gepubliseer deur:

Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)

Aanlyn Stoor: <https://panther-ebooks.com>

Webwerf: <https://www.softcoverbooks.co.za>

OPSOMMING

In die weelderige sale van die Franse hof word 'n dringende probleem bespreek. Oloff die Seerower se verwoestende aanslag op Frankryk se Oos-Indiese handel. Graaf Durette, minister van die vloot, eis dringende optrede. Die jong, verbitterde Admiraal Pierre de la Fonte, wie se vorige pogings om Oloff te vang deur die lot van die beeldskone Rynette du Bois gefnuik is, stel 'n gewaagde plan voor. Hy wil Oloff se vesting, die berugte Deelenbaai op Madagaskar, infiltreer. Hiervoor kies hy die gewetenlose swaardvegter, Rene le Dour. Vermom as die seerower Rene Camo, word hy in Zanzibar se kerkers tussen gevange Deelenbaai-rowers geplaas. Met sluheid lei Camo 'n waaghalsige ontsnapping, kaap 'n skip, en seil na die seerowernes, gereed om sy verraderlike taak te begin.

Maar Deelenbaai is 'n nes vol adders, en Oloff, die enigmatiese rooikop-kaptein met 'n geheime agenda van sy eie, kyk die nuweling met arends-oë aan. 'n Dodelike kat-en-muis spel ontvou terwyl Camo probeer inligting deurgee en De la Fonte se net al nouer om die gevreesde seerower span. Oloff, gedryf deur 'n persoonlike eed en sy groeiende gevoelens vir Rynette, moet voortdurend seerowers uitoorlê, ontsnap en veg vir oorlewing. Soms teen sy eie sogenaamde makkers en soms teen die Franse vloot wat, danksy die spioen se informasie, telkens op sy hakke is.

Terwyl Deelenbaai se rowers voorberei vir 'n verwoestende aanval op Ankola, juis waar Rynette weer skuil, word Oloff vasgevang tussen sy loyaliteit, sy liefde, en die Franse strikke wat al stywer trek. Hy moet sy skip, sy bemanning, en die vrou wat sy hart gesteel het, red uit 'n maalstroom van verraad en geweld. Kan Oloff se legendariese vermoëns hom uit hierdie dodelike omhelsing red? Watter waaghalsige plan sal hy beraam om sy eie skip, die Seewraak, uit die vyand se kloue te ruk, terwyl die spioen se verraad soos 'n koue skadu oor hom hang?

UITTREKSEL

Oloff hardloop deur die breë gang en oor die agterplaas. Daarvandaan volg hy 'n pad tussen die bosse deur totdat hy die rand van die stad bereik. Hy kry die indruk dat die kanonvuur in hierdie rigting nie meer so swaar is nie. Die kapers moet geskrik het toe daar 'n skielike wending in die akkuraatheid van die grofgeskut uit die duskantste fort kom. Op 'n wiegende skip in die sterkste wind is Heem 'n meester. Nou, met sy kanonne op vaste fondamente geplant, is hy dodelik akkuraat.

Party van die nou strate het mure van vlamme aan weerskante. Oloff is genoodsaak om die waterkant langs systrate te bereik. 'n Paar keer duik hy by geboue in of werp hy homself plat op die grond as die gesing van die kanonkoeëls in sy ore suis. 'n Paar keer word hy toegegooi onder die stof, maar hy word deur niks getref wat groot genoeg is om hom te beseer nie. Hoër op in die stad het hy van die paniekbevange inwoners teëgekom. In hierdie deel is daar geen borswering of kanonne nie. Dit is verlate behalwe vir die puinhope en die lyke.

Hy hardloop gebukkend oor die strand. Hy weet dat hy gesien kan word, want die vlamme agter hom brand hoog. Selfs in die vlak water gooi hy sy liggaam plat en met kragtige hale kloof hy deur die brekende branders in die rigting van die Jansje Meer.

Niemand sal hulle eintlik aan hom steur nie. Die enigste gevaar lê nog in die kruisvuur van die kanonne. Digby die Jansje Meer is twee kapers wat nog onbeskadig is. Heem sal sy aandag laaste aan hulle skenk. Hulle, tesame met die Jansje Meer, konsentreer op die sloepe, van waar die verdediging lewendig is.

9. DIE SPIOEN

Hoofstuk 1

“Dit is ’n treurige toedrag van sake.” Die woorde sny deur die klein vertrek en sou hard weerklink het as dit nie was vir die duur behangsels teen die mure en die swaar gordyne voor die vensters nie. “Oloff die seerower is ’n dreigement vir die ekonomie van ons land. Hy moet van die see verdryf word, verkieslik gevang word sodat hy in die openbaar opgehang word soos die gewoonte met rowers van sy soort is.”

Toe graaf Durette ophou praat, antwoord niemand uit die klein gehoor dadelik nie. Die graaf is die invloedrykste minister aan die Franse hof, want onder hom val die vloot en so ook amper volle beheer oor die Frans-Oos-Indiese Kompanjie, daardie polsende aar van Frankryk se voorspoed.

Die paar admiraals en direkteure van die Frans-Oos-Indiese Kompanjie wat deur die minister ontbied is, kyk na mekaar of laat sak hul oë. Hulle voel onseker of die minister hulle persoonlik beskuldig, want hulle weet nie waarom hy hierdie vergadering belê het nie. Daarom ontwyk hulle sy deurborende oë, wat op een na die ander rus.

Net ’n jong admiraal lyk heeltemal op sy gemak. Hy sit regop in die leunstoel met die vergulde leunings. Sy houding is fier en sy skraal gesig is skoongeskeer. Sy oë het ’n uitdrukking wat aan die gevoellose grens, soos die van iemand wat veel het om oor bitter te voel. Maar die fyn glimlag om sy lippe dui aan dat hy hom nie in sy lot berus nie, maar doelbewuste voornemens het om die faktore wat sy verbittering teweeggebring het, uit die weg te ruim of te wreek.

“De la Fonte,” hervat die minister na ’n rukkie onderwyl hy vlugtig in die rigting van die jong admiraal kyk, “het pas uit die Ooste teruggekeer. Sy verslag is ontstellend. Dit het hom te beurt geval om ’n paar keer met seerowers en veral hierdie sogenaamde kaptein Oloff slaags te raak. Dit is nie sy skuld, en ek aanvaar sy verslag sonder

twyfel, dat die seerower aan die klein vloot wat M. De la Fonte tot sy beskikking gehad het, ontkom het nie. Dit is in alle geval nie op die oomblik ter sprake nie. Die rede waarom ek julle ontbied het, is omdat hierdie euwel weereens sterk onder my aandag gebring is en omdat ek besluit het dat daar nou vir eens en altyd 'n einde daaraan gemaak moet word. Ek verstaan dat die knou wat ons handel met die Ooste as gevolg van die bedrywighede van die kaperbote opdoen, binnekort onherstelbaar sal wees.”

“Vier-en-tagtig van ons handelsvaarders,” voeg 'n direkteur van die Frans-Oos-Indiese Kompanjie by, “het in die afgelope jaar vermoedelik seerowerprooi geword, dit is buiten die paar wat as gevolg van die gewone seerisiko nie teruggekeer het of hul bestemming nie bereik het nie.”

“Ons is natuurlik nie die enigste nie,” meen een van die admiraals. “Die Nederlandse en die Engelse kompanjies ly selfs groter skade.”

“Met hulle verliese het ons niks te doen nie,” snou die minister hom toe, en sy stem is skerp van ongeduld. “Ons sal ons tot ons eie sake beperk.” Hy aarsel, onderwyl hy na 'n paar dokumente voor hom kyk. “Met elke reis word dit moeiliker om die skepe te beman. Almal is bang vir daardie sluipende dood in die Indiese Oseaan. Hierdie seerower gevaar, met die kaptein Oloff aan die spits, berokken ons dus nie net direkte nie, maar ook indirekte skade.” Hy aarsel. “Ek het hier verskeie verslae van ooggetuies wat daarin geslaag het om te ontsnap. Hulle het die twee groot skepe van Oloff die seerower gesien wanneer van ons handelsvaarders aangeval, gebuit of gekelder word. Uit verskeie gerugte en ander bronne wil dit voorkom asof die seerower gemeenskap van daardie geweste hoogs georganiseerd is. Blykbaar het hulle 'n vesting aan die suidweskus van Madagaskar, 'n plek met die naam Deelenbaai.”

“Hoekom stuur ons dan nie 'n vloot daarheen nie?”

“Daar sal later geleentheid wees vir voorstelle,” antwoord die minister

die admiraal wat die vraag gestel het, ysig. “Sodra ons almal van die volle toestand bewus is. Hierdie Deelenbaai is beskut. Nie alleen sal dit die helfte van ons ganse vloot heel waarskynlik misluk om die plek in te neem nie, maar dit sal vir hulle onmoontlik wees om binne ’n honderd myl daarvandaan te kom voordat die seerowers van hulle bewus is. Dit sal hulle genoeg geleentheid gee om voorbereidings te tref of die plek te ontruim. Dit is daarom dat ek die vergadering geopen het met spesifieke verwysing na Oloff die seerower. Hy is die magtigste van hulle almal. As ons hom aan bande kan lê, is die helfte van ons taak volbring.”

Die minister staan op, en die geselskap volg sy voorbeeld uit eerbied. “My tyd is beperk,” vervolg Durette dan. “Ek laat julle hier om die saak te bespreek en ek verwag ’n oplossing binne die volgende twee uur. Ek het Sy Majesteit se toestemming om aan julle mee te deel dat enige bedrag bestee kan word en enige gedeelte van die vloot gebruik kan word, binne perke natuurlik. Solank dit daartoe sal bydra om Oloff die seerower se einde te bewerkstellig.”

Toe die minister die vertrek verlaat het, is daar ’n rukkie lank ’n gebrom van stemme tussen die klein geselskap. Hulle neem weer almal plaas, maar dit duur ’n rukkie voordat hulle hul aandag op die jong admiraal, Pierre de la Fonte, vestig. Uit die minister se gesprek wil dit voorkom asof De la Fonte die meeste kennis en die jongste inligting omtrent hierdie saak het.

“Jy sê dat hy jou twee keer ontglip het, Monsieur De la Fonte?” verneem een van die direkteure.

“Ek sou dit nie so stel nie,” antwoord De la Fonte, “alhoewel dit is wat gebeur het. Julle onthou miskien dat daar ’n ruk gelede besluit is om die goewerneur van ons besittings in Indië te vervang.”

“Ja!” roep ’n ander admiraal uit. “Du Bois is gestuur om Dupleix se plek in te neem. Hy is gevange geneem en het later gesterf. Daar was ook sprake van sy dogter, ek dink haar naam is Rynette...”

“Sy is ook gevange geneem,” val De la Fonte hom in die rede. “Dit is juis as gevolg van haar dat ek nie daarin kon slaag om Oloff van die see af te blaker nie.” Sy lippe is ferm. Sy stem bewee van aandoening, wat die res van die geselskap effens laat terugdeins. Sy oë blits met ’n moorddadige haat. Dan beheer hy homself en vervolg ernstig. “Die seerowers wat Rynette du Bois en haar vader gevange geneem het, wou ’n losprys vir hulle hê. Oloff het hiervan te hore gekom en het besluit om die prooi vir homself toe te eien.”

“Maar werk die seerowers dan nie saam nie?” vra ’n direkteur.

“Daar is dikwels twis onder hulle. Die klomp wat die Du Bois oorspronklik in die hande gekry het, het hulle afgesonder van die Deelenbaai se groep. In alle geval, Oloff het daarin geslaag om Rynette onder hul neuse weg te steel. Buite die baai waar dit plaasgevind het, het ek en my ses skepe vir hom lê en wag.” Weer styg De la Fonte se woede by die herinnering aan sy vernedering. “Ek het hom soos ’n rot in ’n hoekie vasgekeer.” Hy sug. “Maar ek moes hom laat gaan, want hy het Rynette aan boord gehad. Hy het met my ’n ooreenkoms getref om haar aan my uit te lewer in ruil vir sy veiligheid. Ek het geen keuse gehad nie.”

“En die tweede keer?” vra die admiraal langs hom.

“Dit was ’n soortgelyke geval. Om die een of die ander rede het Oloff hom daarop toegespits om Rynette weer in sy mag te kry. Ek het sy planne gedwarsboom, maar kon haar nie red en hom tegelykertyd vas trek nie.”

“En waar is die jong dame nou?”

“Ek weet nie.” De la Fonte maak ’n moedelose gebaar. “Sy was by Dupleix in Pondicherry. Maar net voordat ek hierheen teruggekeer het, het sy verdwyn. Dit is waarom die saak so dringend is. Ek het besef dat ek nie verder op eie houtjie kan optree nie en dit is daarom dat ek die minister genader het om ’n oplossing en om versterkings.”

“En nou verwag hy die oplossing van ons?” sê die admiraal naaste aan De la Fonte. “Maar wat dink jy het van Rynette geword?”

“Ek twyfel nie daaraan dat Oloff haar ontvoer het nie.”

“Sê my,” vra een van die direkteure. “Hoe lyk hierdie Oloff-kêrel?”

Pierre de la Fonte se mondhoëke buig af. ’n Snaakse trek skiet oor sy gelaat. Dit getuig van haat en jaloesie, maar ook van leed.

“Hy is ’n jong man,” sê hy dan stadig. “Hy het vlamme rooi hare en blou oë. Hy is fris gebou, en ek verstaan hy is ’n meester skut en swaardvegter. Daarby lyk dit asof hy ’n goeie en deeglike opvoeding gehad het. En dit is wat hom des te gevaarliker maak.”

“Volgens jou beskrywing is hy dan heeltemal aantreklik en nog jonk,” merk die direkteur op.

“Fisiek, ja,” antwoord De la Fonte teen sy sin.

“’n Jong dame sal sy aandag dus nie eintlik afstootlik vind nie,” sê die direkteur droog.

Die spreker is ’n ouer man as die admiraal. As hy vorentoe getree en De la Fonte ’n vuishou toegedien het, sou die uitwerking waarskynlik minder opmerklik gewees het. De la Fonte spring orent. Sy lippe trek styf oor sy tande. Sy regterhand rus op die hef van sy swaard.

“Was dit nie vir jou jare nie,” sê hy uiteindelik so gedemp dat sy woorde skaars hoorbaar is, “en was dit nie dat jy uit onkunde praat nie, sou jy gesterf het vir die insinuasie dat iemand soos Rynette du Bois deur ’n seerower skurk aangetrek kan word.” So venynig is De la Fonte se houding dat niemand dadelik antwoord of ’n opmerking maak nie. Uiteindelik sê die bejaarde direkteur.

“Ek erken dat ek uit onkunde gepraat het, De la Fonte. Dit is ook moontlik dat jy oorhaastig gereageer het op iets waarby ek niks bedoel nie.”

“Die onkunde waarna my kollega verwys,” sê ’n ander direkteur in ’n poging om die spanning te verlig, “is natuurlik jou persoonlike gevoelens teenoor juffrou Rynette.”

Hulle lag almal. Een van die admiraals waag dit selfs om De la Fonte goedig op die skouer te klop. Hulle is Franse, met hul eie besondere opvatting van die liefde. Noodgedwonge moet De la Fonte glimlag.

“Julle sal derhalwe verstaan hoekom hierdie saak vir my so ernstig is,” sê hy dan. “Daar moet dadelik opgetree word.”

“Dit is die bevel van die minister,” merk ’n direkteur droog op. “Met jou kennis van die saak, De la Fonte, sal ons bly wees as jy ’n oplossing kan aanvoer.”

“Ek het al aan duisende maniere gedink waarop ons te werk kan gaan,” erken De la Fonte geredelik. “Deur ’n vertoning van mag of op ’n openlike wyse sal ons niks uitvoer nie. Ek wil aan die hand gee dat ons iemand in die kamp van die vyand laat. Deur hom sal ons dan Oloff se bewegings kan agterkom.”

“Om hom in ’n lokval te lei?”

“Ja. Dit kan ons eerste doelwit wees. Ons moet ten minste twee handelsvaarders in drywende forte omskep, maar sonder dat hulle daarna lyk. Hulle moet die voorkoms hê van swaar belaaide vragsepe wat uit die Ooste na Frankryk terugkeer. Digby, maar nie in sig nie, moet ’n vloot oorlogskepe wees. Minstens twintig.”

“Dit klink heeltemal aanneemlik,” gee ’n direkteur toe. “Die twee handelsvaarders kan verkry word en die vloot is tot ons beskikking, maar wat van hierdie man wat as spioen?”

“Hy moet Deelenbaai toe gaan,” val De la Fonte hom in die rede. “Op die oomblik is daar ’n klomp seerowers in die tronk in Zanzibar. Soos julle weet, verkeer ons op goeie voet met die Sultan. Hierdie klomp, wat deur my toedoen gevange geneem is, sou gehang gewees het, maar toe reeds het ek aan hierdie plan gedink en die Sultan versoek om hulle

daar aan te hou totdat ek hom weer besoek.”

“En tussen hulle is daar ’n man wat...”

“Tussen hulle moet so ’n man geplaas word.”

“Rene le Dour.”

“Rene le Dour!” Van ’n hele paar is daar geskokte uitroepe. “Daardie aartsskurk!” werp een teë. “Hoekom hy nie lankal opgehang is of in die Bastille sit nie, weet ek nie. Die man het meer moorde op sy kerfstok.”

“Juis!” roep een van die admirale uit. “Dit sal moeilik gaan om ’n beter swaardvegter in Frankryk te kry.”

“Hy is gewetenloos. Hy sal enigiets doen solank hy betaal word,” meen ’n ander. “Daar is niks waarvoor hy sal stuit nie.” Pierre de la Fonte glimlag. Dit is vir hom taamlik duidelik dat hulle met hom saamstem dat Rene le Dour die geskikte man is. Hulle sal hom goed kan betaal vir sy dienste.

Twee maande later vaar ’n Franse vloot van twintig oorlogskepe en twee groot handelsvaarders langs die ooskus van Afrika op. Dertig myl van Zanzibar verlaat een van die oorlogskepe die ander en vaar die hawe binne. ’n Skeepsboot word neergelaat en nadat die roeiers plaasgeneem het, gooi ’n paar soldate ’n man daarin wat hande en voete vasgebind is. Dan staan hulle op aandag, onderwyl Pierre de la Fonte met die houtleer afklim, en in die agterstewe gaan sit.

Die strand wemel van ’n menigte wat deur die aankoms van die skip nader gelok is. Hulle kan die admiraal in sy swierige uniform duidelik sien, en hulle wonder wie die armsalige gevangene is. Onderwyl die skuif deur die water gly, buk De la Fonte totdat sy gesig naby die van die vasgebinde man is. Hy praat gedemp sodat die ander aan boord hom nie hoor nie.

“Dit is die laaste geleentheid wat ek sal hê om met jou te praat, Rene. Ken jy jou rol nou volledig?”